

# Lekkerbekkie Nuusbrief

1 OKTOBER 2014 | UITGAWE 74



## Inhoud:

- \* Gratis kinder storie: 'n Muis met vakansie
- \* Produk van die week
- \* Gratis inkleurprentjie

**annaemm**  
kinderstories



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za)

## 'n Muis met vakansie deur Anna Emm

Gerhard Muis is moeg vir die lewe. Dis baie harde werk om elke dag te skarrel vir kos om te eet, en 'n veilige plekkie om te slaap. Hy voel sommer tam en moedeloos.

“Wat jý nodig het, Gerhard Muis, is 'n vakansie!” sê Erasmus Seemeeu. “Hoekom kom jy nie 'n bietjie saam met my see toe nie? Dis heerlik by die see. Jy sal sien.”

Gerhard Muis dink 'n see-vakansie is sommer 'n baie goeie idee! Hy pak haastig sy tassie, en roep vir sy vriende: “Julle gaan my vir 'n paar dae nie sien nie, hoor! Ek is nou 'n muis met vakansie!”

Hy klim op die seemeeu se rug, en daar vlieg hulle weg. Hulle vlieg ver van die veld waar Gerhard Muis woon, ver van die gesukkel om kos te kry, en die geswoeg om 'n veilige slaapplek te kry. Voor hulle kan Gerhard Muis die blou see sien blink.

Op die strand slaan hy sy strandstoeltjie en sy sambreel op, en sit sy groot sonbril oor sy oë vir die son. Maar o liewe land, Gerhard Muis het net mooi lekker gesit en vakansie hou, toe grom sy maag vreeslik hard. Hy is honger, want hy het lanklaas geëet.

“So wat is hier om te eet by die see?” vra hy vir Erasmus Seemeeu.

“O, die heerlikste lekkernye wat jy nog gesien het!” sê Erasmus Seemeeu, en hy wys vir Gerhard al die vrot aas, dooie visderms, en grillerige slakkies wat die seevoëls so graag eet. Maar Gerhard Muis kan dit glad nie eet nie. Dit laat sy maag draai. Hy soek toe maar die hele strand vol na saadjies en grashalmpies, maar kry niks. Toe dit donker word, is hy nogsteeds honger.

“Nou waar kan 'n mens slaap hier by die see?” vra hy vir Erasmus Seemeeu.

“O, dis net die beste van alles!” lag Erasmus Seemeeu, en hy wys vir Gerhard waar hy saam met die ander seemeeu op die rotse in die wind slaap saans. Maar die rotse is koud, en Gerhard Muis se voetjies gly. Hy val amper in 'n skeur, die wind waai hom amper om, en die branders slaan hom amper van die rotse af in die see!

“Nee wat,” bewe hy die volgende oggend, “hierdie see-vakansie is nie vir my nie. Ek dink ek gaan eerder terug huis toe waar ek in vrede kan kos soek en warm slaap in 'n gaatjie of 'n bossie.”

Nadat Erasmus Seemeeu vir Gerhard Muis terug gevat het veld toe, het hy nooit weer gekla oor hoe moeilik die lewe is nie. Vir hom was dit nou lekker om te soek na kossies in die veld, en dit was baie ontspannend om saans warm te slaap. Dit was nooit weer nodig om met vakansie te gaan nie, want, sê hy, “Ek is eintlik elke dag 'n muis met vakansie!”

Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!  
Kontak [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za) vir meer inligting of besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)

**Produk van die week**

## Chris Chameleon vertel kinderstories!

Het jy geweet die skrywer van ons Lekkerbekkie-stories, Anna Emm, het al meer as 2000 Afrikaanse kinderstories vrygestel? Meeste van hierdie stories is op CD opgeneem deur bekende name soos Gys de Villiers, Anrich Herbst, Anna-Mart van der Mewer, Diaan Lawrenson en Vicky Davis! Lekkerbekkie Tydskrif is 'n produk van ANNA EMM (PTY) LTD – tans die grootste vervaardiger van kinderstories in die land. Besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za) vir 'n volledige katalogus.

**Ons was die afgelope maand baie opgewonde om vir Chris Chameleon agter die mikrofoon te ontvang vir die opname van sy Anna Emm storie-CD! “DIE MUSIEKMAN SE KAT” het sopas verskyn, met vier lekkerluister stories voorgelees soos net Chris Chameleon kan! Volgens Anna is hierdie haar beste stories nóg... Moenie dit misloop nie!**

**“DIE MUSIEKMAN SE KAT” is hierdie week by AnnaEmm agente beskikbaar teen slegs R80 (gewone prys R90)! Kontak [agente@annaemm.co.za](mailto:agente@annaemm.co.za) of 021 930 0908 vir 'n agent in jou area, of bestel direk by ons kantoor teen die volle prys. (NB: Weens die poskantoor se stakings is daar tans R55 per pakkie courier koste op bestellings by die kantoor. Indien moontlik, beveel ons dus aan dat jy deur 'n agent werk om kostes te bespaar.)**



Splinternuwe stories deur Anna Emm!  
**“DIE MUSIEKMAN SE KAT”**  
Vier lekkerluister stories voorgelees deur  
**Chris Chameleon**

Stories op die CD:  
1. Alleen in die groot kasteel  
2. Vier-en-veertig hasies  
3. Wie bestuur die lugballon?  
4. Die groot storm

**Spesiale aanbod:**  
Kry jou CD vóór 6 Okt  
by 'n AnnaEmm-agent  
**@ slegs R80!**  
Gewone prys R90 - spaar R10!




### **Word 'n Anna Emm storie-agent!**

As jy belangstel om self 'n agent vir Anna Emm se kinderstories-produkte te word, kontak [agente@annaemm.co.za](mailto:agente@annaemm.co.za) | 021 930 0908

Gratis inkleurprentjie

# 'n Muis met vakansie illustrasie deur Elanie Bieldt



Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinderstorie-produkte!  
Kontak [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za) vir meer inligting of besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)